

VERKLARING OOR SENDING EN ONS ROEPING TOT GETUIENIS IN EN VANUIT AFRIKA VANDAG

(Kerkorde Noord-Kaapland 2012, bladsy 93)

Ons het vanaf 13 tot 15 Mei, pas voor Pinkster 2004, in Stellenbosch byeen gekom as die Algemene Kommissie vir Getuienis van die NG Kerkfamilie en verteenwoordigers van kerke uit verskillende oorde in Afrika: Nigerië, Malawi, Zambië, Zimbabwe, Mosambiek, Botswana, Namibië, Swaziland, Lesotho en Suid-Afrika. Ons het saam besin oor ons roeping tot getuienis in en vanuit Afrika vandag. Ons het 'n diepe vreugde daaruit geput om, in die teenwoordigheid van God en in ons onderlinge gemeenskap, mekaar opnuut as broeders en susters in Afrika te ontdek. Die beleving van ons diversiteit en die luister na mekaar se verhale en perspektiewe was vir ons goed, maar het ook nuwe uitdagings gebied. Ons kon deel in die pyn, die swaarkry en die noodkrete wat gehoor is uit die verskillende plaaslike kontekste en uit die kontinent Afrika. In die lig van ons geskiedenis sedert die vorige werkswinkel oor "*Wat is sending?*" (1986), die opnuut luister na mekaar, ons gedeelde roeping tot getuienis in eenheid en die duidelike behoefte aan ware hoop in en vanuit Afrika, het ons saamgestem oor die volgende:

A. Ons bevestig opnuut ons geloofsoortuiging dat

1. Sending (missio Dei) voortvloei uit die wese van die Drie-enige God en die werk van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is.
2. In hierdie sending het God die omvattende heil (shalom) van die wêreld in die oog, deur die verwerkliking van sy koninkryk. Sending is die uitdrukking van die liefde en deernis waarmee God verlossing vir die ganse wêreld, in alle dimensies, wil bring.
3. Daarom het die Vader die Seun na die wêreld gestuur om uit al die nasies sy kerk te versamel en ons in die krag van die Heilige Gees weer uit te stuur na die wêreld.
4. As die liggaam van Christus ons Here en Verlosser, bestaan die kerk wesenlik as deelnemer in God se sending na die wêreld (missio ecclesiae). Die kerk as sodanig, maar ook elke lidmaat, staan onder die opdrag van God. In afhanklikheid van en in gehoorsaamheid aan die Gees is ons geroep tot
 - (a) Die bediening van gebed.
 - (b) Die bediening van die evangelie van God se verlossing vir alle mense deur woord en daad.
 - (c) Die bewaring en bewerking van die skepping tot eer van God en ter wille van almal wat in die skepping woon.
5. Die verlossing wat Christus bewerk het, is omvattend. Dit sluit in die vergewing van sondes, die mense se bevryding op alle lewensfere sowel as die herstel van die skepping. Sending geskied waar die kerk diens lewer – in gehoorsaamheid en in navolging van Christus en uit deernis vir en met die oog op die nood van mense en die wêreld.
6. God se heil word in die wêreld verwesenlik deurdat Hy sy koninkryk hier en nou laat deurbreek. Hierdie koninkryk sal egter eers ten volle aanbreek wanneer Christus weer kom en alle volke en nasies God sal verheerlik.
7. As die geloofwaardige draer van die goeie nuus (evangelie), is die kerk van Christus geroepe om één te wees, om in lewe en werk die beeld van die een Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees sigbaar te vertoon (Joh. 17:11,17,21).

B. Ten opsigte van ons roeping tot getuienis en vanuit Afrika vandag, beteken dit vir ons dat

1. **Ons, as liggaam van Christus**, in noue gemeenskap met mekaar, fyn moet luister na die Heilige Gees, wat ons deur die Woord van God onderrig, wat ons sensitief maak vir mekaar se nood en die uitdagings wat dit bied en wat ons toerus om vandag getuies in en vanuit Afrika te wees.

2. **Ons leer uit die Woord van God dat**, ten einde ons te herskep as deelgenote in Christus se hemelse roeping (Heb. 3:1), vernuwe die Heilige Gees
- (a) Ons *geloof* in ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees, om die eenheid onderling en in die breër kerk uit te leef, sodat die mense van Afrika en in die res van die wêreld kan glo (Joh. 17:11).
 - (b) Ons *liefde* na die beeld van God, wat ons met Homself en mekaar versoen het deur die selfprysgawe van Christus, om vir mekaar in die liggaam, maar ook vir alle ander mense, te lewe, sodat die versoening en liefde in en vanuit Afrika kan vermeerder (2 Kor. 17, Fil. 1-11).
 - (c) Ons *hoop* in die deernisvolle geregtigheid van ons Drie-enige God, wat geregtigheid en ware vrede tussen alle mense wil bring, wat die krete van die armes, die verlatenes, die verdruktes, die verstotenes en die wat onreg verduur hoor en wat van ons verwag om Hom te volg in die bring van hoop en lewe in en vanuit Afrika (1 Pet. 3:15).

3. **Wat ons uit ons verskillende kontekste hoor, dwing ons om spesifieke aandag te gee aan die volgende:**

- 3.1 die nood van mense wat nie die vreugde en vrede van vergiffenis en 'n verhouding met Christus as Verlosser en Here ken nie, asook die nood van hulle wat steeds in die mag van of vrees vir sondige en bose kragte lewe. Ons is geroep om die blye nuus van God se verlossing aan hulle mee te deel, in en vanuit Afrika.
- 3.2 Die dringende behoefte aan versoening op alle lewensterreine, waar godsdienstige onverdraagsaamheid, rasse-, etniese- en geslag(gender) spanninge en allerlei ander onreg bestaan. Ons het die noodkrete van die verstoteling gehoor, ons verdrukke broeders en susters in lande soos Zimbabwe, Malawi en Nigerië. Ons het die noodkrete gehoor van die vlugteling en ontheemdes van ons kontinent, maar ook kennis geneem van die gebrek aan nederigheid, deernis en regverdigheid by van ons leiers oor hulle nood. Ons het bewus geword van ons eie onmag en onsensitieweit wanneer ons vroue of manne, oues of jonges, uitsluit uit ons geselskap, of wanneer etnosentrisme en rassisme veroorsaak dat ons teen broeders en susters diskrimineer.
- 3.3 Die situasie van die armes en werkloses. Ons het gehoor van die groot ekonomiese wanbalanse en onreg in ons wêreld en kontinent. As kerk is ons geroepe om vir mekaar te sorg en om God se geregtigheid teenoor die ekonomiese uitbuiting en onreg te verkondig.
- 3.4 Die diepe nood van miljoene tussen en rondom ons in Afrika wat vasgevang is in lewensbedreigende pandemies. Ons het die noodkrete gehoor van ons broeders en susters wat lewe met M.I.V. en Vigs en ander siektes, wat worstel met die gevolge daarvan en wat angstig op soek is na heling en 'n kans op lewe.
- 3.5 Die nood van die skepping, wat angstig wag op die openbaring van die kinders van God (Rom. 8), is weer onder ons aandag gebring. Ons het die sug van die skepping gehoor, wat ons roep om dit met sorg te bewerk en te bewaar, gedring deur die liefde wat kom uit die hart van ons Drie-enige God.
- 3.6 Die dringende behoefte by gemeentes en kerkleiers in ons familie aan teologiese opleiding en die nodige vaardigheid ten einde manne en vroue toe te rus vir hulle roeping om as profete, priesters en konings getuies te wees van die evangelie van die Drie-enige God in en vanuit die konteks van Afrika vandag.
- 3.7 Die noodsaak om die eenheid wat ons bely deur aktiewe en doelgerigte uitbou van vennootskappe te verweselik. Ons het besef dat ons geroep word om gereeld saam te kom om te droom, te praat en te beplan aan die werk waarvoor ons gesamentlik geroep is en waarin ons met mekaar insigte, ervarings, spesifieke kennis, bronne en personeel moet deel.

4. **Ons bely**

- 4.1 die sonde van ons ongehoorsaamheid aan die roeping van Christus om anders as die wêreld te wees, om die kerk vir ander te wees en daarin die wêreld om ons te verras. Ons betreur dit dat ons so dikwels op ons eie behoeftes fokus terwyl ons van die nood van die mense en van die skepping, waarvoor die Drie-enige God so lief is, vergeet.
- 4.2 Die sonde van ons gebrek aan eenheid met mekaar as die een liggaam van Christus – veral in die NG Kerkfamilie – en in die uitvoering van God se sending; ons slaag nie daarin om die waarheid van die evangelie uit te leef en die wonder van God se getransformeerde gemeenskap te demonstreer nie.
- 4.3 Dat ons dit nie langer mag waag om alleen te staan of alleen te handel nie, sodat ons nie daardeur die sending van die Drie-enige God verwing en mense rede gee om kwaad te praat oor God nie (Rom 2:24). *Here, ontferm u oor ons.*
- 4.4 Dat God ons in Christus verenig het en dat ons deel is van die groter liggaam van Christus, saamgeroep as manne en vroue op alle vlakke, om hierdie eenheid te beliggaam en geloofwaardige getuies te wees van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, in en vanuit Afrika, sodat die wêreld kan glo (Joh. 17:21).

5. **Ons bid**

Ernstig vir die eenheid in die NG Kerkfamilie en vir die kerke waarin ons dien, dat God ons sal versterk deur die krag van die Heilige Gees, dat Christus in ons harte sal woon deur ons geloof en dat ons, gewortel en gegrondves in liefde, in staat sal wees om saam met al die gelowiges die breedte en lengte, die diepte en hoogte van Christus se liefde vir ons te begryp, 'n liefde wat alle verstand te bowe gaan (Ef.3:16). Mag die Drie-enige God ons inspireer en in staat stel om te volhard in die mede-deling van ons geloof, liefde en hoop, in en vanuit die vasteland van Afrika.